# Marie Curie en haar twee groot liefdes


Sy is as Maria Sklodowska op 7 November 1867 in Pole gebore. In 1903 het sy saam met haar man, Pierre Curie, die Nobelprys vir Fisika verower en in 1911 was sy die alleenwenner van die Nobelprys vir Chemie.

Marie is in 1891 na Parys waar sy aan die Sorbonne-universiteit begin studeer het. Sy het in haar solderkamer tot diep in die nagte gewerk en feitlik net van brood en tee gelewe. Sy was in 1893 die topstudent in die fakulteit Fisiese Wetenskappe en in 1894 was sy die naasbeste student in die fakulteit vir Wiskundige Wetenskappe.

Dit was in die eerste helfte van daardie jaar dat sy Pierre Curie ontmoet het. Hy was 'n gebore Parysenaar en 'n briljante fisikus uit eie reg. Hy was 'n geestesvriend vir hierdie meisie uit Pole.

Pierre en Marie se troue 'n jaar ná hulle ontmoeting was die begin van 'n huwelik van intense liefde en 'n gedeelde passie vir hulle werk. Saam het hulle ontdekkings gemaak wat internasionaal opslae gemaak het. Marie het met hierdie navorsing haar doktorsgraad in die wetenskap verwerf en dit het ook tot gevolg gehad dat sy en haar man – saam met nog 'n wetenskaplike – die Nobelprys vir Fisika vir die ontdekking van radioaktiwiteit ontvang het.

Op 19 April 1906 is Pierre op straat deur 'n voertuig omgery. Dit was 'n pynlike gebeurtenis vir Marie wat skielik haar geesgenoot verloor het. Hierna sou sy haar nog meer toelê op haar loopbaan en alles in die stryd werp om vroualleen die wetenskaplike werk te voltooi wat sy en Pierre begin het.



Op 13 Mei 1906 is sy in die pos van haar man aangestel. Sy het sodoende die eerste vrou geword wat aan die Sorbonne-universiteit klas gegee het. In 1911 het sy die Nobelprys vir Chemie ontvang omdat sy dit reggekry het om suiwer radium te isoleer. Sy het haar navorsing veral aan die mediese aanwending van radioaktiewe stowwe gewy.

Haar loopbaan het van krag tot krag gegaan totdat sy op 4 Julie 1934 oorlede is aan leukemie wat deur bestraling veroorsaak is.

Haar bydrae tot die fisika was buitengewoon omdat haar werk 'n invloed op geslagte skeikundiges en kernfisici uitgeoefen het. In 1995 is haar as vir bewaring na 'n monument, die Panthéon in Parys, oorgeplaas. Marie was die eerste vrou wat op dié wyse vir haar eie prestasies vereer is.

(Verkort en verwerk van: www.mieliestronk.com)